



## LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET

### NUUSBRIEF

Nommer 11  
5 April 2019

#### UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

#### **BEGIN VAN TWEDE KWARTAAL**

Ons vertrou dat almal 'n aangename vakansie gehad het en gereed is vir hierdie kort maar besige kwartaal.

Baie welkom aan me. Tanya Fourie wat aangestel is as 'n Graad 6 leerkrag. Ons glo dat sy baie gelukkig sal wees en gou sal inskakel. Sy is in die plek van me. Inari Janse van Vuuren, wat 'n ander pos aanvaar het, aangestel.

#### **MEEGEVOEL**

Ons innige meegevoel gaan aan die Read familie (John) met die afsterwe van hul geliefde ouma. Mag hulle as gesin die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie moeilike tyd beleef.

#### **ROOSTERAANPASSING**

Mev. Steenkamp is weens mediese redes vir die kwartaal met siekverlof en daarom is die akademiese rooster aangepas. Van haar vakke is by ander personeel ingedeel en me. Kock sal die LO behartig.

#### **8 APRIL OUEROGGEND- EN AAND**

17:30 Ouer inligtingsvergadering vir alle ouers in die saal.

07:30 – 08:00 en 18:00 – 19:00 Individuele ouer afspraak in klasse.

#### **LEERLINGAFWESIGHEDE**

Daar is te veel leerlinge wat somer net afwesig is gedurende die kwartaal en daar is sommige leerlinge wat gereeld afwesig is. Dit gebeur selfs wanneer formele assesserings plaasvind. Ouers moet asseblief nie leerlinge somer net onttrek nie. Opvoedkundig is dit verkeerd, want skoolbywoning kweek verantwoordelikheid, toewyding en pligsbesef.

Indien 'n leerling nie 'n doktersbrief/begrafnisbrief inhandig nie, sal so 'n leerling sy/haar punte vir die betrokke assessering verbeur.

Skoolbywoning is volgens die SA Skolewet 84 van 1996 verpligtend. Ter opsomming daarvan:

*Volgens hierdie wet moet elke OUER verseker dat elke LEERDER waarvoor hy/sy verantwoordelik is, skool vanaf die eerste dag van die JAAR waarin die leerder die ouderdom van SEWE JAAR bereik tot die laaste skooldag waarin so 'n leerder die ouderdom van VYFTIEN bereik of GRAAD NEGE haal, wat ook al eerste gebeur.*

*Volgens hierdie wet, of enige ander toepaslike wet:*

- *Enige ouer, wat sonder genoegsame rede en na 'n geskrewe kennis van die Departementshoof, faal om te voldoen aan hierdie sub-afdeling, is skuldig aan 'n oortreding en by skuldigbevinding onderworpe aan 'n boete of 'n gevangenisstraf van nie meer as ses maande nie.*
- *Enige persoon wat, sonder genoegsame rede, 'n leerder wat onderworpe is aan verpligte skoolbywoning, weerhou daarvan om skool by te woon, is skuldig aan 'n oortreding en by skuldigbevinding onderworpe aan 'n boete of 'n gevangenisstraf van nie meer as ses maande nie.*

#### VRYSTELLING VAN VERPLIGTE SKOOLBYWONING

- *Slegs die hoof van die Onderwysdepartement kan 'n leerder algeheel, gedeeltelik of voorwaardelik vrystel van verpligte skoolbywoning, indien dit in die beste belange van die leerder is. Die hoof van die Onderwysdepartement hou 'n register van alle leerders wat vrygestel is van verpligte skoolbywoning.*

#### **VAKANSIEDAE GEDURENDE DIE WEEK**

Ouers let asseblief daarop dat indien daar 'n openbare vakansiedag in die middel van die week is, bv. vakansiedag is op 'n Woensdag, dan begin die skool die Donderdag om 07:15 en nie 08:00 nie.

Die vakansiedae van 1 en 8 Mei sal die koshuis oop wees. Koshuisleerlinge sal hierdie twee dae in die koshuis kan inbly indien hulle wil.

#### **EPOS**

Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is [lvsl1820@gmail.com](mailto:lvsl1820@gmail.com), indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

#### **MNR D JOUBERT (SKOOLHOOF) SE EPOS ADRES HET VERANDER**

[hoof@laervolkskool.org](mailto:hoof@laervolkskool.org)

#### **OUPA- EN OUMADAG 18 APRIL 2019: 10:00 TOT 12:00**

Ouers sal vandag die toegangskartjies ontvang. Maak seker dat u dit wel ontvang het. Indien enige navrae, skakel asseblief die skoolkantoor.

#### **TOEGANG TOT SKOOLTERREIN**

**Die veiligheid van ons leerlinge en die gladde verloop van die skooldag is vir ons belangrik en daarom vra ons alle ouers se samewerking in hierdie verband. Dit gebeur ook al meer dat ouers die onderwysers gedurende skoolure by hul klasse besoek.**

**Ouers word dus versoek om nie op die skoolterrein te wees gedurende skoolure nie, aangesien dit onderrig en beheer bemoeilik. Ter ondersteuning van sodanige beheer moet enige persoon, ouers ingesluit, wat die skool besoek by die kantoor aanmeld en indien 'n ouer 'n onderwyser wil spreek moet daar vooraf 'n afspraak gemaak word. So 'n afspraak kan nie gedurende onderrigtyd wees nie.**

**Ter wille van verbeterde veiligheid sal die skool se hekke gedurende skoolure gesluit wees om toegang te beperk. Die tye wat die skool verdaag, sal die hek aan Cradockstraat se kant, tesame met die hoofingang van die skool, oopgesluit wees waarna dit weer gesluit sal word.**

**Koshuisouers wat op 'n Maandag en Vrydag hul kinders gedurende pouses sien, moet asseblief deur die koshuisperseel beweeg en by die tennishuisie vir hulle wag.**

<b>SPORT</b>
--------------

**NETBAL**

Op 3 April het Jaydene Vaaltyn en Cleo van Heerden aan die o.13 Dr Beyers Naudé netbalproewe in Graaff-Reinet deelgeneem. Hier is Jaydene gekies om op Saterdag, 6 April 2019 aan die o.13 Sarah Baartman netbalproewe in Humansdorp deel te neem. Baie geluk.

**SWEM**

Op Saterdag, 16 Maart 2019 was dit weer tyd vir die jaarlikse Level 1 Streeks Kampioenskappe Gala waar 5 van ons swemmers deelgeneem het. Baie geluk aan die volgende swemmers wat geswem het. Uitslae is as volg.

Swemmer	Vlinderslag	Borsslag	Rugslag	Vryslag
Mark Blom			1ste	1ste
Hugo Botha	2de	1ste		4de
Anishka Luiters		5de	2de	4de
Danél de Koker		18de		
Elné Viljoen			9de	11de

**HOKKIE**

Almal is baie opgewonde oor Claudia Cooke ons nuwe hokkie afrigter by die Hoërskool en ook die hokkie koördineerder van Volksskool. Dis 'n wonderlike geleentheid vir al ons kinders by LVS. Elke Vrydagmiddag vanaf 12 April 2019 om 16:00 – 17:00 op Union se Astro gaan sy GRATIS hokkie-afrigting aanbied vir al ons kinders.

**ALMAL IS WELKOM. MAAK ASB VAN DIE GELEENTHEID GEBRUIK!**

**BELANGRIKE DATUMS****Rugby:****o.12 Proewe Datums:**

- **Maandag 10 Junie 2019:** o.12 Zone Proewe (dorpspanne).
- **Maandag 15 Julie 2019:** o.12 Karoo Proewe by Laer Volksskool om 13:30.
- **Vrydag 19 Julie 2019:** o.12 OP Proewe in Despatch om 13:00.

**o.13 Proewe Datums:**

- **Maandag 8 April 2019:** o.13 Zone Proewe (dorpspanne) by Laer Volksskool om 14:00.
- **Dinsdag 16 April 2019:** o.13 Karoo Proewe by Laer Volksskool om 13:30.
- **Dinsdag 24 April 2019:** o.13 OP Platteland Proewe by Gill College om 13:00.

**Rugby en Netbal Datums teen Graaff-Reinet Skole:**

'n Vasgestelde datum sal nader aan tyd deurgegee word aan spelers. Hier is die voorlopige datums van wedstryde met skole in die dorp.

- **8 – 11 April** :Ryneveld vs LVS
- **15 -18 April** : Union vs LVS
- **23 –25 April** : LVS vs Isibane
- **29 –2 Mei** : LVS vs Thembalesizwe
- **6 –9 Mei** : LVS vs Graaff-Reinet Primêr
- **13 –16 Mei** : Lingcom vs LVS
- **20 –23 Mei** : Kroonvale vs LVS

Sunridge, 18 Mei soos op ons kalender, se wedstryd is weg (PE).

**GEDAGTE VIR DIE WEEK****KLEIN GEBAAR**

**Selfs 'n klein gebaar van vriendskap,  
'n enkele woordjie wat jy sê,  
kan iemand anders se lewe verryk  
en 'n geweldige invloed hê.**

**Spreuke 2:7-8**

*D Joubert  
Skoolhoof  
Epos: [hoof@laervolkskool.org](mailto:hoof@laervolkskool.org)  
Tel: 049 8910803*

## **PROGRAM SATERDAG, 6 APRIL 2019 BURGERSDORP TEEN VOLKSKOOL**

**RUGBY: LAERSKOOL VELDE**

09:00	o.7 Groen	o.9 Tienman
09:20	o.7 Geel	
09:45	o.9A	
10:30	o.11	
11:15	o.13A	

**NETBAL: LAERSKOOL BANE**

	<b>BAAN A</b>	<b>BAAN B</b>	<b>BAAN C</b>	<b>SWART BAAN</b>
09:00	o.13A	o.11A		o.10A
09:35	o.13B	o.13C	o.11B	
10:00				o.8A
10:30				o.9A

**HOKKIE: LAERSKOOL VELDE**

	<b>BAAN A</b>	<b>BAAN B</b>
09:00	o.8	o.9
09:30	o.7	
10:00	o.10	
10:35	2de Span	

11:20	1ste Span	
-------	-----------	--